REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GOVERNMENT GAZETTE

# STAATSKOERANT

## VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

*Registered at the Post Office as a Newspaper* *As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer*

Selling price • Verkoopprys
(GST excluded/AVB uitgesluit)
Local **80c** Plaaslik
Other countries R1,10 Buitelands
Post free • Posvry

VOL. 311 CAPE TOWN, 22 MAY 1991 No. 13245
KAAPSTAD, 22 MEI 1991

STATE PRESIDENT'S OFFICE

No. 1131. 22 May 1991

It is hereby notified that the State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 52 of 1991: Transnet Limited Amendment Act, 1991

KANTOOR VAN DIE STAATSPRESIDENT

No. 1131. 22 Mei 1991

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 52 van 1991: Transnet Beperk-wysigingswet, 1991

**GENERAL EXPLANATORY NOTE:**

**[ ]** Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments.

________ Words underlined with a solid line indicate insertions in existing enactments.

*(Afrikaans text signed by the State President.)*
*(Assented to 14 May 1991.)*

# ACT

**To amend section 1 of the Level Crossings Act, 1960, by the deletion or insertion of certain definitions; to amend section 2 of that Act in order to adjust the contributions to the Fund as circumstances require; to amend sections 3, 4, 5, 6, 7, 8 and 8*bis* of that Act to provide for the substitution of certain words; to insert section 10 of that Act in order to provide for the repeal of the Act and related matters; to amend section 1 of the Legal Succession to the South African Transport Services Act, 1989, to provide for the insertion or substitution of certain definitions; to amend section 2 of that Act to provide that section 190 of the Companies Act, 1973, shall not apply to the Company; to amend section 10 of that Act to extend the membership of Transmed; to amend section 12 of that Act to exempt the Company from the provisions of the Insurance Act, 1943; to amend section 14 of that Act to make certain provisions thereof applicable to the Corporation; to amend section 15 of that Act to make provision for the rendering of a service at the request of the Corporation or a transport authority; to amend section 16 of that Act to define more precisely the obligations of the State in regard to the pension funds of the South African Transport Services; to amend section 19 of that Act to alter the provisions relating to the issue of financial instruments that are guaranteed by the State; to amend section 21 of that Act to extend the authority of the Minister to make regulations; to amend section 22 of that Act to amplify the provisions relating to the protection of the name of the Corporation; to amend section 23 of that Act in order to increase the powers of the Corporation; to amend section 24 of that Act to make additional provision in connection with the constitution of the Board of Control of the Corporation; to amend section 25 of that Act to alter the provision relating to the identification of the assets of the Corporation; to amend section 26 of that Act to bring it into line with the provisions of section 15; to substitute section 27 of that Act to amend the provision relating to the State guarantee and to do away with the obligation of the State to annually make good the losses of the Corporation; to amend section 29 of that Act to alter the limitation placed on the liquidation of the Corporation; to amend section 31 of that Act to clarify the provisions thereof and to limit the extent of exemptions referred to therein; to amend section 32 of that Act to clarify the provisions thereof; to amend section 33 of that Act to alter the provisions relating to activities in a deeds registry; to amend section 35 of that Act to define exemption from the payment of certain charges; to amend section 36 of that Act to grant the State President the power to repeal section 33; to amend Schedule 1 to that Act to make provision for a further offence in respect of fare evasion; to amend Part 1 and Part 3 of Schedule 2 to that Act in connection with**

**ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:**

**[ ]** Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui skrappings uit bestaande verordenings aan.

_____ Woorde met 'n volstreep daaronder, dui invoegings in bestaande verordenings aan.

*(Afrikaanse teks deur die Staatspresident geteken.)*
*(Goedgekeur op 14 Mei 1991.)*

# WET

**Tot wysiging van artikel 1 van die Wet op Spooroorgange, 1960, ten einde enkele woordomskrywings te skrap of in te voeg; tot wysiging van artikel 2 van gemelde Wet ten einde die bydraes tot die Fonds na gelang van omstandighede aan te pas; tot wysiging van artikels 3, 4, 5, 6, 7, 8 en 8*bis* van gemelde Wet deur sekere woorde te vervang; tot invoeging van artikel 10 van gemelde Wet ten einde voorsiening te maak vir die herroeping van die Wet en verbandhoudende aangeleenthede; tot wysiging van artikel 1 van die Wet op die Regsopvolging van die Suid-Afrikaanse Vervoerdienste, 1989, ten einde sekere woordomskrywings in te voeg of te vervang; tot wysiging van artikel 2 van gemelde Wet ten einde Transnet Beperk vry te stel van die toepassing van artikel 190 van die Maatskappywet, 1973; tot wysiging van artikel 10 van gemelde Wet ten einde die lidmaatskap van Transmed uit te brei; tot wysiging van artikel 12 van gemelde Wet ten einde voorsiening te maak vir vrystelling van die bepalings van die Versekeringswet, 1943; tot wysiging van artikel 14 van gemelde Wet ten einde sekere bepalings daarvan op die Korporasie van toepassing te maak; tot wysiging van artikel 15 van gemelde Wet ten einde die lewering van 'n diens op die Korporasie of 'n vervoerowerheid se versoek te reël; tot wysiging van artikel 16 van gemelde Wet ten einde die Staat se verpligtings ten opsigte van die Suid-Afrikaanse Vervoerdienste se pensioenfondse verder te omskryf; tot wysiging van artikel 19 van gemelde Wet ten einde die bepalings ten opsigte van die uitreiking van finansiële instrumente wat deur die Staat gewaarborg word, te verander; tot wysiging van artikel 21 van gemelde Wet ten einde die Minister se bevoegdheid om regulasies uit te vaardig, uit te brei; tot wysiging van artikel 22 van gemelde Wet ten einde die maatreëls met betrekking tot die beskerming van die naam van die Korporasie uit te brei; tot wysiging van artikel 23 van gemelde Wet ten einde die doelstellings en bevoegdhede van die Korporasie uit te brei; tot wysiging van artikel 24 van gemelde Wet ten einde verdere voorskrifte uit te vaardig aangaande die samestelling van die Beheerraad van die Korporasie; tot wysiging van artikel 25 van gemelde Wet ten einde die bepaling in verband met die identifikasie van die bates van die Korporasie te verander; tot wysiging van artikel 26 van gemelde Wet ten einde dit in ooreenstemming te bring met die bepalings van artikel 15; tot vervanging van artikel 27 van gemelde Wet ten einde die bepaling met betrekking tot die Staat se waarborg te wysig en weg te doen met die verpligting wat op die Staat rus om die verliese van die Korporasie jaarliks goed te maak; tot wysiging van artikel 29 van gemelde Wet ten einde die beperking op die likwidasie van die Korporasie te verander; tot wysiging van artikel 31 van gemelde Wet ten einde die bepalings daarvan duideliker te stel en die omvang van vrystellings waarna daarin verwys word, te beperk; tot wysiging van artikel 32 van gemelde Wet ten einde die bepalings daarvan duideliker te stel; tot wysiging van artikel 33 van gemelde Wet ten einde die bepalings aangaande die verrigting van handelinge in 'n aktekantoor te verander; tot wysiging van artikel 35 van gemelde Wet ten einde die vrystelling van die betaling van sekere gelde te omskryf; tot wysiging van artikel 36 van gemelde Wet ten einde aan die Staatspresident die bevoegdheid te verleen om artikel 33 te herroep; tot wysiging van Bylae 1 by gemelde Wet ten einde 'n verdere misdryf te skep; tot wysiging van Deel 1 en Deel 3 van Bylae 2 by gemelde Wet in verband met die wysiging, herroeping en uitleg van sekere wette; om die verwysing na die Spoorwegadministrasie en die Suid-Afrikaanse Vervoerdienste**

**the amendment, repeal and interpretation of certain laws; to amend the references to Railway Administration and the South African Transport Services in various Acts; to amend section 1 of the Transnet Pension Fund Act, 1990, to provide for the substitution of certain definitions; to amend section 3 of that Act to clarify the provisions thereof; to amend section 14 of that Act to extend the membership of the Fund; and to provide for incidental matters.**

---

BE IT ENACTED by the State President and the Parliament of the Republic of South Africa, as follows:—

**Amendment of section 1 of Act 41 of 1960, as amended by section 70 of Act 6 of 1965, section 6 of Act 6 of 1982 and section 4 of Act 13 of 1983**

**1.** Section 1 of the Level Crossings Act, 1960, is hereby amended—

*(a)* by the substitution for the definition of "financial year" of the following definition:

" 'financial year' means the **[South African Transport Services']** financial year of Transnet Limited;";

*(b)* by the substitution for the definition of "Minister" of the following definition:

" 'Minister' means the Minister of Transport and of Public Works and Land Affairs;";

*(c)* by the deletion of the definitions of "General Manager" and "South African Transport Services";

*(d)* by the insertion after the definition of "local authority" of the following definition:

" 'Managing Director' means the Managing Director of Transnet Limited;";

*(e)* by the insertion after the definition of "structure" of the following definitions:

" 'South African Roads Board' means the South African Roads Board established by section 2 of the South African Roads Board Act, 1988 (Act No. 74 of 1988);

'Transnet Limited' means the public company Transnet Limited, formed in terms of section 2 of the Legal Succession to the South African Transport Services Act, 1989 (Act No. 9 of 1989);

'Treasury' means the central financial authority in the Public Service which is vested in the Department of Finance referred to in the Public Service Act, 1984 (Act No. 111 of 1984), and whose powers in relation to any matter are exercised by the Minister of Finance or an officer in that Department who, by virtue of a division of work in that Department, deals with that matter.".

**Amendment of section 2 of Act 41 of 1960, as amended by section 71 of Act 6 of 1965, section 9 of Act 8 of 1968, section 11 of Act 24 of 1971, section 6 of Act 33 of 1972, section 12 of Act 44 of 1974, section 15 of Act 29 of 1981, section 5 of Act 13 of 1983 and section 8 of Act 88 of 1988**

**2.** Section 2 of the Level Crossings Act, 1960, is hereby amended—

*(a)* by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

"(2) During each financial year an amount agreed upon by the Treasury, Transnet Limited and the South African Roads Board, in consultation with the committee, shall be paid to the Fund in equal monthly instalments, of which—

*(a)* one third shall be paid from the State Revenue Fund out of moneys appropriated by Parliament for this purpose;

*(b)* one third shall be paid by Transnet Limited; and

*(c)* one third shall be paid from the National Road Fund referred to in section 2 of the National Roads Act, 1971 (Act No. 54 of 1971).";

**in verskeie Wette te wysig; tot wysiging van artikel 1 van die Transnet-pensioenfondswet, 1990, ten einde sekere woordomskrywings te vervang; tot wysiging van artikel 3 van gemelde Wet ten einde die bepalings daarvan duideliker te stel; tot wysiging van artikel 14 van gemelde Wet ten einde die lidmaatskap van die Fonds uit te brei; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**

---

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident en die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

**Wysiging van artikel 1 van Wet 41 van 1960, soos gewysig deur artikel 70 van Wet 6 van 1965, artikel 6 van Wet 6 van 1982 en artikel 4 van Wet 13 van 1983**

**1.** Artikel 1 van die Wet op Spooroorgange, 1960, word hierby gewysig—

*(a)* deur die omskrywing van "boekjaar" deur die volgende omskrywing te vervang:

" 'boekjaar' die boekjaar van **[die Suid-Afrikaanse Vervoerdienste]** Transnet Beperk;";

*(b)* deur die omskrywing van "Minister" deur die volgende omskrywing te vervang:

" 'Minister' die Minister van **[Vervoerwese]** Vervoer en van Openbare Werke en Grondsake;";

*(c)* deur die omskrywings van "Hoofbestuurder" en "Suid-Afrikaanse Vervoerdienste" te skrap;

*(d)* deur na die omskrywing van "Administrateur" die volgende omskrywing in te voeg:

" 'Besturende Direkteur' die Besturende Direkteur van Transnet Beperk;";

*(e)* deur na die omskrywing van "spooroorgang" die volgende omskrywings in te voeg:

" 'Suid-Afrikaanse Padraad' die Suid-Afrikaanse Padraad ingestel deur artikel 2 van die Wet op die Suid-Afrikaanse Padraad, 1988 (Wet No. 74 van 1988);

'Tesourie' die sentrale finansiële gesag in die Staatsdiens wat gesetel is in die Departement van Finansies vermeld in die Staatsdienswet, 1984 (Wet No. 111 van 1984), en wie se bevoegdhede met betrekking tot die een of ander aangeleentheid uitgeoefen word deur die Minister van Finansies of 'n beampte in daardie Departement wat, uit hoofde van die indeling van werk in daardie Departement, met daardie aangeleentheid handel;

'Transnet Beperk' die publieke maatskappy Transnet Beperk, wat ingevolge artikel 2 van die Wet op die Regsopvolging van die Suid-Afrikaanse Vervoerdienste, 1989 (Wet No. 9 van 1989), opgerig is.".

**Wysiging van artikel 2 van Wet 41 van 1960, soos gewysig deur artikel 71 van Wet 6 van 1965, artikel 9 van Wet 8 van 1968, artikel 11 van Wet 24 van 1971, artikel 6 van Wet 33 van 1972, artikel 12 van Wet 44 van 1974, artikel 15 van Wet 29 van 1981, artikel 5 van Wet 13 van 1983 en artikel 8 van Wet 88 van 1988**

**2.** Artikel 2 van die Wet op Spooroorgange, 1960, word hierby gewysig—

*(a)* deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

"(2) Gedurende elke boekjaar moet daar in oorleg met die komitee aan die Fonds in gelyke maandelikse paaiemente 'n bedrag betaal word waaroor ooreengekom word deur die Tesourie, Transnet Beperk en die Suid-Afrikaanse Padraad, en waarvan—

*(a)* een derde betaal moet word uit die Staatsinkomstefonds, uit gelde wat vir dié doel deur die Parlement bewillig is;

*(b)* een derde betaal moet word deur Transnet Beperk; en

*(c)* een derde betaal moet word uit die Nasionale Padfonds waarna in artikel 2 van die Wet op Nasionale Paaie, 1971 (Wet No. 54 van 1971), verwys word.";

(*b*) by the deletion of subsection (7); and
(*c*) by the substitution for the words "South African Transport Services", wherever they occur, of the words "Transnet Limited".

**Amendment of sections 3, 4, 8 and 8*bis* of Act 41 of 1960, as amended by sections 72 and 73 of Act 6 of 1965 and section 13 of Act 44 of 1974**

**3.** The Level Crossings Act, 1960, is hereby amended by the substitution for the words "General Manager", wherever they occur in sections 3, 4, 8 and 8*bis*, of the words "Managing Director".

**Amendment of sections 3, 4, 5, 6, 7, 8 and 8*bis* of Act 41 of 1960, as amended by sections 22 and 23 of Act 62 of 1961, sections 72, 73 and 74 of Act 6 of 1965, section 7 of Act 33 of 1972 and section 13 of Act 44 of 1974**

**4.** The Level Crossings Act, 1960, is hereby amended by the substitution for the words "South African Transport Services", wherever they occur in sections 3, 4, 5, 6, 7, 8 and 8*bis*, of the words "Transnet Limited".

**Insertion of section 10 in Act 41 of 1960**

**5.** The following section is hereby inserted in the Level Crossings Act, 1960, after section 9:

**"Repeal of Act**

**10.** (1) The State President may repeal this Act, in whole or in part, by proclamation in the *Gazette*.

(2) The State President may with regard to the termination of the Fund as a result of the repeal of this Act, by proclamation issue orders, which shall be binding on the State, Transnet Limited, the South African Roads Board, a local authority or any person mentioned in such an order, in respect of—
(*a*) the appropriation of any money remaining in the Fund; and
(*b*) any other matter that it may be necessary or desirable to provide for.".

**Amendment of section 1 of Act 9 of 1989**

**6.** Section 1 of the Legal Succession to the South African Transport Services Act, 1989 (hereinafter referred to as "the Legal Succession Act"), is hereby amended—

"(*a*) by the substitution for the definition of "Minister" of the following definition:
" 'Minister' means **[the Minister of Transport Affairs]** in Chapter V of this Act the Minister of Transport and in the remaining Chapters the Minister for Economic Co-ordination and Public Enterprises;";
(*b*) by the insertion after the definition of "Minister" of the following definitions:
" 'regional services council' means a regional services council established in terms of section 3 of the Regional Services Councils Act, 1985;
'Registrar of Companies' means the Registrar of Companies referred to in section 7 of the Companies Act, 1973;"; and
(*c*) by the addition after the definition of "Transmed" of the following definition:
" 'transport authority' means—
(i) any Department of State;
(ii) a regional services council designated by the Minister of Transport as such by notice in the *Gazette;* and
(iii) any company formed by the Corporation in terms of section 23(3)(*j*) and designated by the Minister of Transport as such by notice in the *Gazette*.".

(*b*) deur subartikel (7) te skrap; en
(*c*) deur die woorde "Suid-Afrikaanse Vervoerdienste", waar dit ook al voorkom, deur die woorde "Transnet Beperk" te vervang.

**Wysiging van artikels 3, 4, 8 en 8*bis* van Wet 41 van 1960, soos gewysig deur artikels 72 en 73 van Wet 6 van 1965 en artikel 13 van Wet 44 van 1974**

**3.** Die Wet op Spooroorgange, 1960, word hierby gewysig deur die woord "Hoofbestuurder", waar dit ook al in artikels 3, 4, 8 en 8*bis* voorkom, deur die woorde "Besturende Direkteur" te vervang.

**Wysiging van artikels 3, 4, 5, 6, 7, 8 en 8*bis* van Wet 41 van 1960, soos gewysig deur artikels 22 en 23 van Wet 62 van 1961, artikels 72, 73 en 74 van Wet 6 van 1965, artikel 7 van Wet 33 van 1972 en artikel 13 van Wet 44 van 1974**

**4.** Die Wet op Spooroorgange, 1960, word hierby gewysig deur die woorde "Suid-Afrikaanse Vervoerdienste", waar dit ook al in artikels 3, 4, 5, 6, 7, 8 en 8*bis* voorkom, deur die woorde "Transnet Beperk" te vervang.

**Invoeging van artikel 10 in Wet 41 van 1960**

**5.** Die volgende artikel word hierby in die Wet op Spooroorgange, 1960, na artikel 9 ingevoeg:

**"Herroeping van Wet**

**10.** (1) Die Staatspresident kan hierdie Wet, in die geheel of gedeeltelik, by proklamasie in die *Staatskoerant* herroep.
(2) Die Staatspresident kan in verband met die beëindiging van die Fonds weens die herroeping van hierdie Wet, by proklamasie voorskrifte uitvaardig, wat bindend is vir die Staat, Transnet Beperk, die Suid-Afrikaanse Padraad, 'n plaaslike owerheid of enige ander persoon wat in so 'n voorskrif genoem word, betreffende—
(*a*) die aanwending van enige oorblywende gelde in die Fonds; en
(*b*) enige ander aangeleentheid waarvoor dit nodig of wenslik is om voorsiening te maak.".

**Wysiging van artikel 1 van Wet 9 van 1989**

**6.** Artikel 1 van die Wet op die Regsopvolging van die Suid-Afrikaanse Vervoerdienste, 1989 (hierna genoem "die Wet op Regsopvolging"), word hierby gewysig—
(*a*) deur die omskrywing van "Minister" deur die volgende omskrywing te vervang:
" 'Minister' **[die Minister van Vervoerwese]** in Hoofstuk V van hierdie Wet die Minister van Vervoer en in die oorblywende Hoofstukke die Minister vir Ekonomiese Koördinering en Openbare Ondernemings;";
(*b*) deur na die omskrywing van "Regering" die volgende omskrywing in te voeg:
" 'Registrateur van Maatskappye' die Registrateur van Maatskappye bedoel in artikel 7 van die Maatskappywet, 1973;";
(*c*) deur na die omskrywing van "Staat" die volgende omskrywing in te voeg:
" 'streeksdiensteraad' 'n streeksdiensteraad ingestel ingevolge artikel 3 van die Wet op Streeksdiensterade, 1985;"; en
(*d*) deur na die omskrywing van "Transmed" die volgende omskrywing by te voeg:
" 'vervoerowerheid'—
(i) enige Staatsdepartement;
(ii) 'n streeksdiensteraad wat deur die Minister van Vervoer by kennisgewing in die *Staatskoerant* as sodanig aangewys is; en
(iii) enige maatskappy wat deur die Korporasie ingevolge artikel 23(3)*(j)* opgerig en deur die Minister van Vervoer by kennisgewing in die *Staatskoerant* as sodanig aangewys is.".

**Amendment of section 2 of Act 9 of 1989**

**7.** Section 2 of the Legal Succession Act is hereby amended by the substitution for subsection (6) of the following subsection:

"(6) The provisions of sections 66, 190 and 344*(d)* of the Companies Act, 1973, shall not apply to the Company while the State is the only beneficial member and shareholder thereof.".

**Amendment of section 10 of Act 9 of 1989**

**8.** Section 10 of the Legal Succession Act is hereby amended by the addition of the following subsections:

"(10) Any employee of a company which forms part of the group of companies may, subject to the rules, become a member of Transmed.

(11) For the purposes of subsection (10) the following companies shall be deemed to form part of the group of companies:

*(a)* The Company;

*(b)* any company formed in terms of section 32 of this Act;

*(c)* any subsidiary company of the Company; and

*(d)* any company which conducts transport and harbour operations or any related operations and of which the Company or any of its subsidiary companies is a shareholder.

(12) In the application of subsection (11) the provisions of section 1(3)*(a)* of the Companies Act, 1973, shall apply.".

**Amendment of section 12 of Act 9 of 1989**

**9.** The following section is hereby substituted for section 12 of the Legal Succession Act:

**"Insurance Fund**

**12.** The South African Transport Services' insurance fund referred to in section 9(3) of the South African Transport Services Act, 1981, shall continue in existence as an insurance fund of the Company and the Company shall be endowed in regard to insurance with the same powers as the South African Transport Services and is exempted from the provisions of the Insurance Act, 1943, for a period of two years from the date referred to in section 3(1) or such longer period as may be stipulated by the Minister of Finance.".

**Amendment of section 14 of Act 9 of 1989**

**10.** Section 14 of the Legal Succession Act is hereby amended by the addition of the following subsections:

"(4) The provisions of subsections (1)*(a)*(iv) and *(b)*, (2) and (3) are *mutatis mutandis* applicable to the Corporation; provided that the reference to the Minister shall be interpreted as a reference to the Minister of Transport and of Public Works and Land Affairs.

(5) The Company may, notwithstanding the provisions of any other Act, transfer the liquor licences and other authorities to which reference is made in paragraph *(c)* of subsection (1) to the Corporation, and the provisions of paragraph *(d)* shall in such an event *mutatis mutandis* be applicable to the Corporation.".

**Substitution of section 15 of Act 9 of 1989**

**11.** The following section is hereby substituted for section 15 of the Legal Succession Act:

**Wysiging van artikel 2 van Wet 9 van 1989**

**7.** Artikel 2 van die Wet op Regsopvolging word hierby gewysig deur subartikel (6) deur die volgende subartikel te vervang:

"(6) Die bepalings van artikels 66, 190 en 344*(d)* van die Maatskappywet, 1973, is nie op die Maatskappy van toepassing vir so lank as wat die Staat die enigste voordeeltrekkende lid en aandeelhouer daarvan is nie.".

**Wysiging van artikel 10 van Wet 9 van 1989**

**8.** Artikel 10 van die Wet op Regsopvolging word hierby gewysig deur die volgende subartikels by te voeg:

"(10) Enige werknemer van 'n maatskappy wat deel vorm van die groep van maatskappye kan, onderhewig aan die reëls, 'n lid van Transmed word.

(11) Vir die doeleindes van subartikel (10) word die volgende maatskappye as deel van die groep van maatskappye beskou:

*(a)* Die Maatskappy;

*(b)* enige maatskappy opgerig ingevolge artikel 32 van hierdie Wet;

*(c)* enige filiaalmaatskappy van die Maatskappy; en

*(d)* enige maatskappy wat vervoer- en hawebedrywighede of aanverwante bedrywighede bedryf en waarvan die Maatskappy of enige van sy filiaalmaatskappye 'n aandeelhouer is.

(12) By die toepassing van subartikel (11) geld die bepalings van artikel 1(3)*(a)* van die Maatskappywet, 1973.".

**Wysiging van artikel 12 van Wet 9 van 1989**

**9.** Artikel 12 van die Wet op Regsopvolging word hierby deur die volgende artikel vervang:

**"Versekeringsfonds**

**12.** Die Suid-Afrikaanse Vervoerdienste se versekeringsfonds genoem in artikel 9(3) van die Suid-Afrikaanse Vervoerdienstewet, 1981, bly as 'n versekeringsfonds van die Maatskappy voortbestaan en die Maatskappy beskik met betrekking tot versekering oor dieselfde magte as die Suid-Afrikaanse Vervoerdienste en word vrygestel van die bepalings van die Versekeringswet, 1943, vir 'n tydperk van twee jaar vanaf die datum bedoel in artikel 3(1) of sodanige langer tydperk as wat deur die Minister van Finansies bepaal word.".

**Wysiging van artikel 14 van Wet 9 van 1989**

**10.** Artikel 14 van die Wet op Regsopvolging word hierby gewysig deur die volgende subartikels by te voeg:

"(4) Die bepalings van subartikels (1)*(a)*(iv) en *(b)*, (2) en (3) is *mutatis mutandis* op die Korporasie van toepassing; met dien verstande dat die verwysing na die Minister as 'n verwysing na die Minister van Vervoer en van Openbare Werke en Grondsake uitgelê word.

(5) Die Maatskappy kan, ondanks die bepalings van enige ander Wet, die dranklisensies en ander magtigings waarna in paragraaf *(c)* van subartikel (1) verwys word, aan die Korporasie oordra, en die bepalings van paragraaf *(d)* is in so 'n geval *mutatis mutandis* op die Korporasie van toepassing.".

**Vervanging van artikel 15 van Wet 9 van 1989**

**11.** Artikel 15 van die Wet op Regsopvolging word hierby deur die volgende artikel vervang:

**"Provision of service at request of Corporation or transport authority**

**15.** (1) Subject to the provisions of this section, the Company shall provide, at the request of the Corporation or a transport authority, a service that is in the public interest.

(2) The Company shall, at the request and cost of the Corporation or the transport authority concerned, conduct a technical and financial feasibility study with a view to the provision of a service referred to in subsection (1) and shall submit a written report thereon to the Corporation or the transport authority concerned.

(3) Should the Company and the Corporation or the transport authority concerned not succeed in concluding a contract setting out the terms under which a service in terms of this section shall be rendered, such terms shall be stipulated by an arbitration tribunal consisting of three arbitrators, one of whom shall be appointed by the Corporation or the transport authority, one by the Company and one by the Minister.

(4) The following persons are disqualified from acting as an arbitrator in terms of this section:
*(a)* An employee of any of the parties to the arbitration;
*(b)* a person in the service of the State;
*(c)* a person who has an interest in the result of the arbitration or who appears in any way to be biased; and
*(d)* a person who in terms of the Companies Act, 1973, is disqualified from being appointed as a director of a company.

(5) The terms stipulated by the arbitration tribunal in terms of subsection (3) shall, for all purposes, be deemed to constitute a contract concluded by the parties and may be enforced, amended or cancelled in the same manner as the terms of any other contract.

(6) The terms stipulated by the arbitration tribunal shall include such terms as would normally be included in a contract for the provision of the relevant service, including terms which—
*(a)* oblige the Company to provide the service required;
*(b)* present the Company with an opportunity to earn a reasonable profit;
*(c)* provide for the granting by the Corporation or the transport authority of adequate security for payment for the service;
*(d)* provide for a reasonable cash flow to the Company in respect of the provision of the service; and
*(e)* stipulate the period during which the service shall be provided.

(7) The arbitration tribunal shall stipulate the terms after the parties concerned have been given an adequate opportunity of making submissions on all material aspects of the matter and with due regard to all matters on which the parties reached unanimity during the negotiations that preceded the arbitration.

(8) The provisions of the Arbitration Act, 1965, shall apply to any arbitration in terms of this section, except in so far as—
*(a)* the provisions thereof are in conflict with the provisions of this Act or the instructions of the Minister issued in terms of subsection (9); or
*(b)* the Minister excludes the application of any provision thereof.

(9) The Minister may issue instructions in connection with—
*(a)* the reference of the matter to arbitration and the appointment of arbitrators by the parties in terms of subsection (3);
*(b)* the procedure to be followed by the arbitration tribunal;

**"Lewering van 'n diens op Korporasie of vervoerowerheid se versoek**

**15.** (1) Die Maatskappy lewer, onderhewig aan die bepalings van hierdie artikel, op versoek van die Korporasie of 'n vervoerowerheid 'n diens wat in die openbare belang is.

(2) Die Maatskappy doen, op versoek en op die koste van die Korporasie of die betrokke vervoerowerheid, met die oog op die lewering van 'n diens bedoel in subartikel (1), 'n tegniese en finansiële uitvoerbaarheidsondersoek en lê 'n geskrewe verslag daaromtrent aan die Korporasie of die betrokke vervoerowerheid voor.

(3) Indien die Maatskappy en die Korporasie of betrokke vervoerowerheid nie daarin slaag om 'n kontrak te sluit aangaande die voorwaardes waarop 'n diens ingevolge hierdie artikel gelewer moet word nie, word die voorwaardes daarvan vasgestel deur 'n arbitrasietribunaal wat bestaan uit drie arbiters, van wie een deur die Korporasie of vervoerowerheid, een deur die Maatskappy en een deur die Minister aangewys word.

(4) Die volgende persone is gediskwalifiseer om as 'n arbiter ingevolge hierdie artikel op te tree:

*(a)* 'n Werknemer van enige van die partye tot die arbitrasie;
*(b)* 'n persoon in diens van die Staat;
*(c)* 'n persoon wat 'n belang by die uitslag van die arbitrasie het of wat in enige opsig oënskynlik bevooroordeeld is; en
*(d)* 'n persoon wat ingevolge die Maatskappywet, 1973, gediskwalifiseer is om as direkteur van 'n maatskappy aangestel te word.

(5) Die voorwaardes vasgestel deur die arbitrasietribunaal ingevolge subartikel (3), word vir alle doeleindes as 'n kontrak wat deur die partye gesluit is, beskou en kan op dieselfde wyse as die voorwaardes van enige ander kontrak afgedwing, gewysig of gekanselleer word.

(6) Die voorwaardes vasgestel deur die arbitrasietribunaal bevat sodanige voorwaardes as wat normaalweg ingesluit sou word in 'n kontrak ten opsigte van die lewering van die tersaaklike diens, met inbegrip van voorwaardes wat—

*(a)* die Maatskappy verplig om die verlangde diens te lewer;
*(b)* die Maatskappy in 'n geleentheid stel om 'n billike wins te verdien;
*(c)* voorsiening maak vir die verlening van voldoende sekuriteit deur die Korporasie of vervoerowerheid ten opsigte van betaling vir die diens;
*(d)* voorsiening maak dat die Maatskappy 'n redelike kontantvloei ten opsigte van die lewering van die diens ontvang; en
*(e)* voorsiening maak vir die tydperk waartydens die diens gelewer moet word.

(7) Die arbitrasietribunaal stel die voorwaardes vas nadat die betrokke partye 'n volledige geleentheid gegee is om voorleggings oor alle wesentlike aspekte van die aangeleentheid te doen en met inagneming van alle aangeleenthede waaroor die partye tydens die onderhandelinge voor die arbitrasie, eenstemmigheid bereik het.

(8) Die bepalings van die Wet op Arbitrasie, 1965, is van toepassing op enige arbitrasie ingevolge hierdie artikel, behalwe vir sover—

*(a)* die bepalings daarvan strydig is met die bepalings van hierdie Wet of die voorskrifte deur die Minister uitgevaardig ingevolge subartikel (9); of
*(b)* die Minister die toepassing van enige bepaling daarvan uitsluit.

(9) Die Minister kan voorskrifte uitvaardig betreffende—

*(a)* die verwysing van die aangeleentheid na arbitrasie en die aanwysing van arbiters deur die partye ingevolge subartikel (3);
*(b)* die prosedure wat deur die arbitrasietribunaal gevolg moet word;

(*c*) the powers and qualifications of the arbitrators;
(*d*) the manner in which the arbitration tribunal shall arrive at decisions;
(*e*) the liability of the parties for the costs of the arbitration; and
(*f*) any other matter that may be necessary in order to effect the stipulation of reasonable terms for the provision of the service.

(10) Instructions issued by the Minister in terms of subsection (9) shall be binding on the parties involved and the arbitration tribunal.

(11) For the purposes of the application of this section, a service shall include—
(*a*) making available a harbour works, railway line, pipeline, building, structure or movable property for the use of the Corporation or the transport authority;
(*b*) the construction, maintenance or operation of a harbour works, railway line, pipeline, building or structure;
(*c*) the acquisition of movable or immovable assets; and
(*d*) the provision of any other service that forms part of the principal business of the Company or is related thereto.".

**Amendment of section 16 of Act 9 of 1989**

**12.** Section 16 of the Legal Succession Act is hereby amended by the addition of the following subsections, the existing section becoming subsection (1):

"(2) The guarantee of the State in terms of subsection (1) regarding the pension fund continued by section 2 of the Railways and Harbours Pensions Act, 1971, and the pension fund instituted by section 2 of the Railways and Harbours Pensions for Non-Whites Act, 1974, is limited to the amounts payable to such funds by the South African Transport Services immediately prior to the date referred to in section 3(1) in terms of sections 12(3) and 11(3) of the aforementioned Acts, respectively, as calculated by the State Actuary in consultation with an actuary appointed by the Minister, plus interest at such rate as shall be determined from time to time by the State Actuary.

(3) The rate of interest referred to in subsection (2) shall be at least 12 per cent per annum on the outstanding amount.

(4) The guarantee obligation of the State in respect of the aforementioned pension funds shall reduce as the Company in terms of its obligations arising from the provisions of section 3(2) pays the amounts plus interest referred to in subsection (2) to the pension funds, and shall lapse on the payment of the full amount.".

**Amendment of section 19 of Act 9 of 1989**

**13.** Section 19 of the Legal Succession Act is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) Without derogating from its capacity in terms of its memorandum of association and the provisions of the Companies Act, 1973, or from any of its powers to issue financial instruments, the Company may for as long as the State **[, whether directly or indirectly, on its own or together with employees of the Company,]** holds all the issued equity shares of the Company,
**[(*a*)]** with the consent of the Minister, **[and]** acting
**[(*b*) after consultation]** with the concurrence of the Minister of Finance **[in respect of the timing of the issue]**,

issue financial instruments of whatever nature, including stock, securities, bills, promissory notes, debentures, debenture stock, bonds, annuities and negotiable certificates of deposit that are guaranteed by the State in terms of subsection (2).".

(*c*) die bevoegdhede en kwalifikasies van die arbiters;
(*d*) die wyse waarop besluite deur die arbitrasietribunaal geneem word;
(*e*) die aanspreeklikheid van die partye vir die koste van die arbitrasie; en
(*f*) enige ander aangeleentheid wat nodig is ten einde die vasstelling van billike voorwaardes vir die lewering van die diens te bewerkstellig.

(10) Voorskrifte uitgevaardig deur die Minister ingevolge subartikel (9), is bindend vir die betrokke partye en die arbitrasietribunaal.

(11) Vir die doeleindes van die toepassing van hierdie artikel sluit 'n diens in—
(*a*) die beskikbaarstelling van 'n hawewerk, spoorlyn, pypleiding, gebou, struktuur of roerende goed vir die gebruik van die Korporasie of die vervoerowerheid;
(*b*) die oprigting, instandhouding of bedryf van 'n hawewerk, spoorlyn, pypleiding, gebou of struktuur;
(*c*) die verkryging van roerende of onroerende goed; en
(*d*) die lewering van enige ander diens wat deel vorm van die hoofbesigheid van die Maatskappy of daarmee verband hou.".

**Wysiging van artikel 16 van Wet 9 van 1989**

**12.** Artikel 16 van die Wet op Regsopvolging word hierby gewysig deur die volgende subartikels by te voeg, terwyl die bestaande artikel subartikel (1) word:

"(2) Die Staat se waarborg ingevolge subartikel (1) ten opsigte van die pensioenfonds voortgesit by artikel 2 van die Spoorweg- en Hawepensioenwet, 1971, en die pensioenfonds ingestel by artikel 2 van die Wet op Spoorweg- en Hawepensioene vir Nie-Blankes, 1974, is beperk tot die bedrae wat volgens die berekening van die Staatsaktuaris, in oorleg met 'n aktuaris deur die Minister aangewys, deur die Suid-Afrikaanse Vervoerdienste onmiddellik voor die datum in artikel 3(1) bedoel aan die voormelde pensioenfondse ingevolge die bepalings van onderskeidelik artikels 12(3) en 11(3) van voormelde Wette betaalbaar is, plus rente teen sodanige koers as wat van tyd tot tyd deur die Staatsaktuaris bepaal word.

(3) Die rentekoers bedoel in subartikel (2) beloop ten minste 12 persent per jaar op die uitstaande bedrag.

(4) Die Staat se waarborgverpligting ten opsigte van voormelde pensioenfondse verminder soos wat die Maatskappy, ingevolge sy verpligtings voortspruitend uit die bepalings van artikel 3(2), die bedrae plus rente waarna verwys is in subartikel (2) aan die pensioenfondse betaal, en verval wanneer dit ten volle vereffen is.".

**Wysiging van artikel 19 van Wet 9 van 1989**

**13.** Artikel 19 van die Wet op Regsopvolging word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

"(1) Die Maatskappy is, sonder om afbreuk te doen aan sy vermoëns ingevolge sy akte van oprigting en die bepalings van die Maatskappywet, 1973, of enige van sy magte om finansiële instrumente uit te reik, daarop geregtig om vir solank as wat die Staat**[, hetsy direk of indirek, op sy eie of saam met die werknemers van die Maatskappy,]** al die uitgereikte ekwiteitsaandele van die Maatskappy hou,

**[(*a*)]** met die toestemming van die Minister **[en]** handelend
**[(*b*)** **na oorlegpleging]** met die instemming van die Minister van Finansies **[ten opsigte van die tydsberekening van die uitgifte]**,

finansiële instrumente van welke aard ook al, met inbegrip van effekte, sekuriteite, wissels, promesses, skuldbriewe, skuldbriefeffekte, obligasies, annuïteite en verhandelbare depositosertifikate uit te reik wat ingevolge subartikel (2) deur die Staat gewaarborg word.".

**Amendment of section 21 of Act 9 of 1989**

**14.** Section 21 of the Legal Succession Act is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) **[At the request of the Company the]** The Minister may promulgate regulations that are not in conflict with this Act in connection with the operation of the harbours of the Company.".

**Amendment of section 22 of Act 9 of 1989**

**15.** Section 22 of the Legal Succession Act is hereby amended—

*(a)* by the deletion of subsection (2); and

*(b)* by the substitution for subsection (3) of the following subsection:

"**[(3)]** (2) No person may carry on business and no company or close corporation may be registered in terms of the Companies Act, 1973, or the Close Corporations Act, 1984, under or with a name that is the same as that of the Corporation or a **[shortened or]** translated form thereof or that accords in such degree therewith that it could be misleading.".

**Amendment of section 23 of Act 9 of 1989**

**16.** Section 23 of the Legal Succession Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) The main object and the main business of the Corporation are to ensure that, **[in the public interest]** at the request of the Department of Transport or any regional services council designated under section 1 as a transport authority, rail commuter services are provided **[in]** within, to and from the Republic **[of South Africa]** in the public interest.";

*(b)* by the insertion of the following subsections after subsection (1), the existing subsections (2) and (3) becoming subsections (4) and (5):

"(2) The second object and secondary business of the Corporation are to generate income from the exploitation of assets transferred to the Corporation by the Minister under section 25.

(3) In carrying out its objects and business the Corporation shall give due regard to the provisions of any applicable transport plan approved in terms of the Urban Transport Act, 1977.";

